6. As die Minister die beperkings oplê, is Harmel gereg om redes en gegewens ten opsigte van die gebiedsbeperking te vra. Die redes en gegewens wat aan hom verstrekk kan word, is vervat in paragraaf 4.2 van die Veiligheidsbeampte se memorandum. ("Redes"). Die Departement gaan akkoord met die Veiligheidsbeampte se aanbeveling in die verband en sal dit waardeer as die Minister die redes en gegewens wil goedkeur.

*SR 26/3/62*  
*26.3.62*  
*27.3.62*  
*27/3/62*  
*20.3.62*  
*27.3.62*

DIE SEKRETARIS.

*Die redes wat verskaf kan word is van oud maar dit is al wat julle het*

Kennisgewings geteken en redes en gegewens goedgekeur.





GEHEIM.

DIE SEKRETARIS/MINISTER.

GEWYSIGDE AANBEVELING: BEPERKINGS MICHAEL HARMEL.

1. Sien aanbeveling (gevlag - 12/3/60) en polisie-versoek (gevlag - 21/3/62) in die lêer.
2. Die verbod op byeenkomste ingevolge artikel 5(1) is verval op 15/4/62. Dit is noodsaaklik dat 'n soortgelyke beperking weer ingestel word.
3. Volgens die jongste polisiememorandum (vlag - memo) blyk dit dat Harmel in die buiteland en Swaziland besoek afgelê het. Hy beplan reeds weer 'n besoek eersdaags aan Basoetoeland. Dit word dus aanbeveel dat die polisieversoek vir 'n gebiedsbeperking deur die Minister goedgekeur word.

REDES EN GEGEWENS.

- 4.1 Ingevolge artikel 10(1) (bis) is die Minister verplig, indien Harmel daarom sou vra, om aan hom die redes vir die kennisgewing en soveel van die gegewens wat die Minister beweeg het om dit uit te reik, as wat volgens sy oordeel sonder benadeling van die openbare beleid bekend gemaak kan word, skriftelik mee te deel.
- 4.2 Die volgende redes kan aan hom verstrek word:-

Dat hy gedurende die tydperk 1951 tot 1961 by eenkomste bygewoon of toegesprek het, uitlatings gemaak het of deelgeneem het aan bedrywighede, as gevolg waarvan die Minister oortuig is dat hy die ver-wesenliking van ~~verskeie~~ ~~gevolg~~ ~~merke~~ van kommunisme

DECLASSIFIED

en sekere doen of late wat bereken is om die verwesenliking van so 'n oogmerk te bevorder, in sekere gebied bepleit, aangeraai, verdedig en aangemoedig het en waarskynlik die verwesenliking van so 'n oogmerk of so 'n doen of late in een of ander gebied sal bepleit, aanraai, verdedig of aanmoedig. (Gegewens in paragrafe 4.13, 5.25(a) en (b) en 5.26(a) van feiteverslag kan verstrekkend word).

*J. van der Merwe*  
24/3/6 L  
VEILIGHEIDSBEAMPTER.

DECLASSIFIED

DECLASSIFIED

2/50/9.

GEHEIM.

Die Kommissaris van die  
Suid-Afrikaanse Polisie,  
PRETORIA.

- 1. 9. 1960

BEPERKING: MICHAEL ALLEN HARMEL.

1. U lêer Nr. [REDACTED] het betrekking.
2. Die Minister het op 30 Oktober 1958 opdrag gegee dat 'n Komitee, aangestel kragtens artikel 17 van Wet Nr. 44 van 1950, soos gewysig, 'n feiteverslag moet doen omtrent Michael Allen Harmel ten einde hom in staat te stel om te besluit of geselde persoon 'n persoon is wat die verwesenliking van enige van die oogmerke van kommunisme of enige doen of late wat bereken is om die verwesenliking van so 'n oogmerk te bevorder in een of ander gebied of gebiede bepleit, aanraai, verdedig of aangemoedig of waarskynlik die verwesenliking van so 'n oogmerk of so 'n doen of late in een of ander gebied of gebiede bepleit, aanraai, verdedig of aangemoedig.
3. Die Komitee het bevind dat Harmel die verwesenliking van sekere van die oogmerke van kommunisme bepleit, aangeraai, verdedig en aangemoedig het, en dat hy dit waarskynlik in die toekoms ook sal doen. Die Voorsitter van die Komitee het egter aangedui dat Harmel nie veel gereis het nie, dat sy optrede hoofsaaklik tot Johannesburg beperk is en dat 'n gebiedsbeperking gevolglik nie nodig is nie.
4. In die omstandighede word geen verdere stappe in hierdie stadium beoog nie. Dit sal egter waardeur word indien u met die Departement in verbinding wil tree sodra dit blyk dat 'n gebiedsbeperking wel nodig is.

J. P. J. COETZER

SEKRETARIS VAN JUSTISIE.

2/50/9.

GEHEIM.

Die Kommissaris van die  
Suid-Afrikaanse Polisie,  
PRETORIA.

- 1. 9. 1960

BEPERKING: MICHAEL ALLEN HARMEL.

1. U lêer Nr. [REDACTED] het betrekking.
2. Die Minister het op 30 Oktober 1958 opdrag gegee dat 'n Komitee, aangestel kragtens artikel 17 van Wet Nr. 44 van 1950, soos gewysig, 'n feitverslag moet doen omtrent Michael Allen Harmel ten einde hom in staat te stel om te besluit of gemelde persoon 'n persoon is wat die verwesenliking van enige van die oogmerke van kommunisme of enige doen of late wat bereken is om die verwesenliking van so 'n oogmerk te bevorder in een of ander gebied of gebiede bepleit, aanraai, verdedig of aanmoedig of waarskynlik die verwesenliking van so 'n oogmerk of so 'n doen of late in een of ander gebied of gebiede bepleit, aanraai, verdedig of aanmoedig.
3. Die Komitee het bevind dat Harmel die verwesenliking van sekere van die oogmerke van kommunisme bepleit, aangeraai, verdedig en aangemoedig het, en dat hy dit waarskynlik in die toekoms ook sal doen. Die Voorsitter van die Komitee het egter aangedui dat Harmel nie veel gereis het nie, dat sy optrede hoofsaaklik tot Johannesburg beperk is en dat 'n gebiedsbeperking gevolglik nie nodig is nie.
4. In die omstandighede word geen verdere stappe in hierdie stadium beoog nie. Dit sal egter waardeer word indien u met die Departement in verbinding wil tree sodra dit blyk dat 'n gebiedsbeperking wel nodig is.

J. P. J. COETZER

SEKRETARIS VAN JUSTISIE.

*Beve*  
*[Signature]*  
21/8/60

DECLASSIFIED

MS JKS H/R. Av  
30/8/60 2/50/9.  
DIE SEKRETARIS, MINISTER.

BEPERKING: MICHAEL ALLEN HARMEL.

1. Die Minister het op 30 Oktober 1958 opdrag gegee dat n Komitee, aangestel kragtens artikel 17 van Wet Nr. 44 van 1950, soos gewysig, n feiteverslag moet doen omtrent Michael Allen Harmel ten einde hom in staat te stel om te besluit of gemelde persoon n persoon is wat die verwesenliking van enige van die oogmerke van Kommunisme of enige doen of late wat bereken is om die verwesenliking van so n oogmerk te bevorder in een of ander gebied of gebiede bepleit, aanraai, verdedig of aanmoedig of waarskynlik die verwesenliking van so n oogmerk of so n doen of late in een of ander gebied of gebiede sal bepleit, aanraai, verdedig of aanmoedig. (30.10.58)
2. n Feiteverslag wat deur die Komitee opgestel is, is hierby aangeheg - gemerk "Verslag". Die Komitee bevind dat Harmel die verwesenliking van sekere van die oogmerke van kommunisme bepleit, aangerai, verdedig en aangemoedig het, en dat hy dit waarskynlik in die toekoms ook sal doen.
3. Die Veiligheidsbeampte meld dat alhoewel Harmel opgetree het soos in paragraaf 2 hierbo aangedui, hy tog nie veel gereis het nie en sy optrede hoofsaaklik tot Johannesburg beperk. Harmel is op 15 April 1957 verbied om vir n tydperk van 5 jaar enige byeenkomste in die Unie of Suidwes-Afrika by te woon. Die Veiligheidsbeampte is derhalwe van oordeel dat n gebiedsbeperking nie ~~was~~ enige nuttige doel sal dien nie en beveel aan dat geen stappe gedoen word nie. (12.3.60)
3. Die Departement steun die Veiligheidsbeampte se aanbeveling.

4. Dit blyk nie nodig te wees om die Minister met die aangeleentheid lastig te val nie. Daar word aan die hand gedoen dat Kompol van die Komitee se bevinding en van die Voorsitter se aanduiding by "A" verwittig en versoek word om met die Departement in verbinding te tree sodra dit blyk dat 'n gebiedsbepanking nodig is. Die Minister kan dan genader word.

AFB  
o/s

soo voorgestel, orb.

o/s.  
30.8.60.

o/s.  
30.8.60.

29.8.60.  
o/s 30/8/60.  
o/s  
30.8.60.

DECLASSIFIED

FEITEVERSLAG VAN KOMITEE  
AANGESTEL KRAGTENS ARTIKEL 17  
VAN WET 44 VAN 1950, SOOS GEWYSIG.

1. OPDRAG:

Om vas te stel of Michael Allen Harmel 'n persoon is wat die verwesenliking van enige van die oogmerke van die Kommuniste (soos omskryf in paragraaf (ix) van subartikel (1) van artikel 1 van Wet 44 van 1950) of enige doen of late wat bereken is om die verwesenliking van so 'n oogmerk te bevorder in een of ander gebied of gebiede bepleit aanraai, verdedig of aanmoedig of waarskynlik die verwesenliking van so'n oogmerk of so'n doen of late in een of ander gebied of gebiede sal bepleit, aanraai, verdedig of aanmoedig.

2. PERSOONLIKE AANGELEENTHEDE:

(1) Michael Allen Harmel is op 7 Februarie 1915 in Johannesburg gebore, van Joodse ouers. Hy is getroud met Ray Adler en woon te Highweg 47, Orchards, Johannesburg.

(2) Vir 'n tyd is hy in diens van die "Guardian"-nuusblad en later redakteur van die nuusblad "Advance".

(3) Gedurende 1955 gee hy onderwys aan 'n Indiërskool in Johannesburg en word later hoof van die "Central Indian High School" in Johannesburg.

3. ASSOSIASIES:

Harmel is sedert 1941 bekend as 'n bedrywige linksgesinde persoon en soos later uit hierdie verslag sal blyk, ondersteun hy verskillende organisasies wat teen die beleid van die Regering en sekere landswette agiteer, en assosieer hy met 'n groot aantal persone wat ingevolge artikel 4(10)

Wet 44 van 1950 deur die beredderaar gelys is.

4. ALGEMENE OPTREDE:

(1) Gedurende 1943 is hy Sekretaris in Johannesburg van die Kommunisteparty van Suid-Afrika.

(2) Gedurende 1948 is Harmel kandidaat van die Kommunisteparty in die Volksraadsverkiesing.

(3) Op 13 Mei 1954 skryf hy in die nuusblad "Advance" en roep, namens die "African National Congress, South African Indian Congress" en die "Congress of Democrats" almal, swart en wit, op tot 'n "Forthcoming Congress of the People" waar die tema sal wees "Let us speak of Freedom" en skryf hy ook "Let the voice of all the people be heard, and let the demands of all the people be gathered together in a great Charter of Freedom."

(4) Op 4 Maart 1954 pleit Harmel in die "Advance"-nuusblad vir eenheid teen die nuwe Schoemanwetsontwerp insake vakbonde.

(5) Van 11 tot 14 Augustus 1946 vind 'n staking van Naturelle, werksaam in die myne, plaas. Vir sy aandeel daarin word hy gevonnisd tot £50 boete of 4 maande gevangenisstraf met dwangarbeid, waarvan £25 of 2 maande voorwaardelik opgeskort is.

(6) Gedurende Julie 1954 laat Harmel hom [redacted] soos volg uit: "You as an old Communist must organise and lead the people of Orlando. The name Communist Party will never again be used as long as this Government is in power, but you know that the organisation recently formed in fact represents our party."

(7) Op 20 November 1954 en ook op 3 Desember 1954 hou Harmel dinees aan sy woning om fondse in te samel vir die "Congress of Democrats".



DECLASSIFIED

Blank en Nie-blank woon dit by.

(8) Op 13 Oktober 1958 woon hy 'n Bont Party by aan die woning van Joe en Ruth Slovo, ter viering van die terugtrekking van die Hoogverraadklagstaat. Omtrent 150 blankes, Indiërs en Naturelle is teenwoordig wat saam sing, dans en drink.

(9) Op 7 November 1958 woon hy [REDACTED] byeenkoms in die vorm van 'n geselligheid by aan die woning van Advokaat Fischer om die Russiese Revolusie te herdenk; omtrent 150 blankes, Naturelle en Indiërs is teenwoordig en drank het vryelik gevloei.

(10) Op 9 Januarie 1959 word 'n [REDACTED] berig ontvang dat Harmel besig is om 'n lys van goedere en besighede wat geboikot moet word te voltooi.

(11) In die kwartaalblad "Africa South" van Januarie - Maart 1959 skryf hy onder die opskrif "Revolutions are Abnormal" en val die Regering aan oor sy Apartheidsbeleid.

(12) Op 25 Februarie 1957 plaas hy 'n bestelling vir 2,000 afskrifte van "Liberation Nr. 23, Februarie 1957" by die Royal Printers in Johannesburg.

(13) In "The Star" van 25 November 1959, skryf Harmel in verband met die verbanning van Elizabeth Mafekeng deur die Minister van Bantoe-administrasie onder meer soos volg: "All the Minister can say to justify himself, is that he is convinced that it is in the public interest. This shows little respect for the public whose interests he purports to protect. It is up to the people of South Africa to make it clear that there are limits to our toleration of arbitrary behaviour, arrogance and cruelty from this Government. The treatment of Mrs. Mafekeng transcends all such limits.

5. VERGADERINGS EN TOESPRAKE.

(1) Sover bekend het Harmel tenminste 192  
vergaderings bygewoon gedurende die tydperk 1941  
tot 1959 en hiervan het hy 61 toegespreek. Hy het  
2 van die vergaderings bygewoon in Vereeniging en  
die ander op verskillende plekke in Johannesburg.

(2) Hy het vergaderings van die verskillende  
organisasies soos volg bygewoon:

<u>Organisasies</u>	<u>Aantal Vergaderings Bygewoon</u>
Kommunisteparty	138
"Peoples' Defence Committee"	1
"S.A. Congress of Trade Unions"	7
"Liberal Party"	2
"Tvl. Peace Resistance Council"	3
"Tvl. O.P.S. Association for Votes for all"	1
"Freedom of Speech Committee"	3
"S.A. Society for Peace & Friendship with U.S.S.R."	4
"African Peoples' Organisation"	1
"National Co-ordinating Committee"	1
"Tvl. Indian Congress Youth League"	1
"World Peace Congress"	1
"S. African Indian Congress"	1
"S. African Peace Movement"	1
Civil Rights League"	1
"African National Congress"	2
"Transvaal Peace Conference"	10
"Friends of the Soviet Union"	1
"Springbok Legion"	1
"Anti-Banning Committee"	1
"Let the People Speak Committee"	2
"Citizens Joint Action Committee"	1



"Students Liberal Association"	1
"Congress of Democrats"	5
"Congress of the People"	1
"Clothing Workers' Union"	1

(3) Op 22 Junie 1941 spreek hy 'n vergadering van omtrent 100 Naturelle onder beskerming van die Kommunisteparty toe net buite die Vereenigingse lokasie en sê: "The Government taught the Native Police and the European Police to treat the Natives as they did in Sophia Town last Sunday. The Communist Party is calling this meeting to protest against such action, because this country belongs to the African people, the Natives. The Natives are carrying passes and taxes, like dogs carrying licences. The Natives have no say in Parliament that is why they get shot down like animals, and it is time for the African people to unite and fight for their freedom. Join the Communist Party, that is the only party which can show the way to fight for freedom. Join the trade unions and fight for better wages .....fight against Imperialism, fight against taxes and passes. Russia is the freeist country because the Communist Party rules the country, and it took them years to fight for this freedom".

(4) Op 13 Julie 1941 vind 'n vergadering, belê deur die Kommunisteparty te Vereeniging in die lokasie plaas om te protesteer teen 'n verhoging van loseergelde. Die Vereenigingse Landdros het die vergadering kragtens die Noodregulasies verbied. Dit ten spyt hou Harmel tog 'n vergadering net buite die lokasie.

(5) Op 9 Mei 1945, na 'n vergadering van nie-blankes op die Newtownse Markplein, beweeg die aanwesiges in

optog na die Johannesburgse stadsaaltrappies, waar Harmel die volgende resoluëie voorlees: "We, the people of Johannesburg, gathered at this mighty gathering, pledge ourselves on this day over Fascism to organise and act until the people of South Africa have won their freedom, their rights and liberties, what this war was fought for. Down with Pass Laws. Long live victory. Forward to a free South Africa".

(6) Op 1 September 1946 spreek hy 'n Kommuniste-partyvergadering toe in Johannesburg en sê: "When the Africans in this country strike for their rights the Government send forward their Police with batons and bayonets; beat them down and force them back to work."

(7) Op 26 Maart 1946 vind 'n massavergadering van Indiërs in die Johannesburgse stadsaal plaas om te protesteer teen die Wetsontwerp op Grondbesit en Verteenwoordiging van Indiërs, toe onder bespreking in die Parlement. Omtrent 5,000 is teenwoordig. Harmel tree as spreker op en veroordeel die Wetsontwerp. 'n Ander spreker sê onder meer: "India was now getting her Navy and her Army ready and they would eventually free the Indians of South Africa".

(8) Op 22 September 1946 spreek hy 'n Kommuniste-partyvergadering van omtrent 600 persone toe in Johannesburg oor die klopjagte op werkersorganisasies en sê: "Communists may be killed but Communism will live for ever."

(9) Op 18 Mei 1947 spreek hy 'n vergadering van omtrent 'n 150 persone van alle rasse toe onder beskerming van die Kommunisteparty oor Vakunies en sê: "Hulle is in die lewe geroep om die werkerklas insake loon en diensvoorwaardes te help. Die Wetsontwerp tans onder aandag van die Parlement is

"Dummy". In werklikheid gee die wet geen hulp aan die werkers nie, want as die werkers oor werkstoestande ontevrede sou wees, sal hulle nie instaat wees om te staak nie.

(10) Op 26 Oktober 1947 spreek hy 'n Kommuniste-partyvergadering van omtrent 250 persone toe in Johannesburg oor die aanstaande Munisipale verkiesings en doen 'n beroep op die kiesers van Wyk 10 om Hilda Watts, die enigste Kommuniskandidaat, na die Raad te stuur.

(11) Op 2 November 1947 spreek hy 'n Kommuniste-partyvergadering van omtrent 250 persone van verskillende rasse toe oor vryheid van spraak, en eindig met "all peace loving citizens support the Communist Party struggle, in upholding the principles of free speech."

(12)(a) Op 22 Februarie 1948 spreek hy 'n vergadering van die "Passive Resistance Council" toe in Johannesburg en praat ten gunste van die optrede wat deur die "Indian Passive Resistance" onderneem word en belowe ondersteuning.

(b) Die volgende plakkate word onder andere in die saal vertoon:

"Support Dr. Dadoo and defend freedom"!

"Down with racial discrimination!"

"Down with colour bar!"

"We shall resist!"

(13) Op 25 April 1948 spreek hy Kommuniste-partyvergadering van sowat 250 persone van allerhande rasse toe in Johannesburg in verband met die komende verkiesing en sê dat hy een van 3 Kommunistekandidate vir die verkiesing is en dat die Kommunisteparty die enigste party is wat voorsiening maak vir die ware behoeftes van die werkers, en vra ondersteuning.

(14) Op 22 September 1948 spreek hy 'n Kommuniste-

partyvergadering van 21 Naturelle en 5 blankes in Johannesburg toe en sê: "The non-Europeans in Africa are being ruled by a minority of Europeans with capitalist ideals and the only way in which a socialist Government could be established was for the working classes to unite".

(15)(a) Op 20 Januarie 1949 spreek hy Kommuniste-partyvergadering van omtrent 500 persone van allerhande rasse toe in Johannesburg oor die botsing tussen Naturelle en Indiërs in Natal en sê: "The Africans have to carry passes and are being chased by the Police .....we want to live our own lives."

(b) Die volgende resoluëie word eenparig aangeneem: "This meeting expresses its profound sympathy with the tragic racial incidents which broke out in Durban recently. We declare that the cause of those incidents, must be attributed to those who carry on and preach racial hatred and antagonism. We demand full state compensation for all who suffered loss; and the establishment of an impartial commission of enquiry, which must include African and Indian representatives. We condemn racialism and apartheid. We call upon all who love South Africa, Indians, Africans and Coloureds, to unite for the abolition of racialism and the colour bar and the establishment of equal opportunity and unity among Indians, Africans, Coloureds and Europeans."

(16)(a) Op 27 Maart 1949 spreek hy Kommuniste-partyvergadering van omtrent 50 Naturelle toe in Johannesburg. Hy verdoem die verbanning van Sam Kahn se vergaderings op die Witwatersrand en Pretoria en sê: "Ons wil gelyke regte in die Parlement hê, ook in Munisipale liggeme, asook gelyke lone. Hy spoor die gehoor aan om by die verskeie vakunies en die



"African National Congress" aan te sluit.

(b) Die volgende besluit word eenparig aangeneem: "This meeting under the auspices of the Communist Party, condemns the use of the Riotous Assemblies Act, to stop Sam Kahn to address meetings on the Witwatersrand and in Pretoria and demands the withdrawal of the Riotous Assemblies Act."

(17) Op 5 Junie 1949 spreek hy 'n Kommunistepartyvergadering van omtrent 120 Naturelle toe in Johannesburg en sê: ".....Die mense van die land moet seggenskap in die regering hê, ras, geloof of kleur ongeag..... Die dag van vryheid en die Kommunisme kom .. .....Help mee in die stryd, want alles is aan die kant van die werkersklasse."

(18)(a) Op 19 Februarie 1950 spreek hy 'n Kommunistepartyvergadering van omtrent 300 Naturelle toe in Johannesburg en sê in verband met die onluste te Newclare: "We the Communist Party are being accused of being the cause of the riots; that is not so .....Africans burned and looted shops because they are starving and exploited. The present Government is sending more Police with machine guns against the Natives ..... Support the Communist Party and freedom for the Africans will be restored."

(b) Die vergadering sluit af met uitroepe deur almal gelyk: - "Down with the Pass Laws!" "Stop beer raids"! en "Votes for all"!

(19)(a) Op 26 Februarie 1950 spreek Harmel 'n Kommunistepartyvergadering van omtrent 600 Naturelle toe in Johannesburg en sê: "One lesson the non-Europeans must learn and learn fast, is that they have to fight for their freedom. Unity and intelligence and then a strong arm, is what is needed

in this country .....some people had called others "Kaffirs" and "Coolies" .....The time is coming when the people, will not want the Police to deal with them, they will do this themselves. The day will come when people of South Africa will rule their own country ..... we who fight have friends in other countries. One half of the world is following the Communist Party today. The loved and esteemed is Stalin. Freedom will come, it is in your hands."

(b) Saam met Harmel roep die gehoor dan die volgende slagspreuke uit:

"Down with the Pass Laws"!

"Down with the Colour bar"!

"Down with the anti-communist Malan Government"!

"Long live the Communist Party"!

"Forward to freedom"!

(20) Op 20 April 1950 spreek hy 'n vergadering onder beskerming van "Defend Free Speech Convention" van omtrent 400 Naturelle toe en sê: "We look forward to Freedom Day, to freedom of speech, movement and assembly. We want to be free from the Pass Laws and oppression."

(21)(a) Op 21 Mei 1950 spreek hy 'n Kommuniste-partyvergadering van sowat 70 Naturelle toe in Johannesburg. Hy wens die Naturelle geluk met wat hulle tot nou toe gedoen het en sê: "Die Naturelle moet saamkom en die wette en die Regering vernietig".

(b) Harmel word aangehou omdat hy die Munisipale lokasie sonder die nodige permit binnegegaan het om die vergadering te hou. Op 23 Mei 1950, word hy deur die Landdros te Kliptown skuldig bevind en gevonnisd tot £5 boete of 14 dae gevangenisstraf met dwangarbeid. Die boete is betaal.



(22) Op 11 Junie 1950 spreek hy 'n Kommunisteparty-vergadering toe in Johannesburg en kondig aan dat die "African National Congress," "African Peoples' Organisation," "A.N.C. Youth League" en die Kommunisteparty besluit het dat 26 Junie 1950 afgesonder word as 'n protesdag teen die Groepsgebiedewet en die Wetsontwerp op Onderdrukking van die Kommunisme, toe voor die Parlement, en sê verder: "There is only one weapon that the oppressed people of the world have, and the weapon is that they must be united in their fight for freedom. We Communists do not regret what we have done, we did it for the good of the country. Those who are united fear nothing. "Long live the African people!" "Long live the Communist Party!"

(23) Op 8 Augustus 1950 spreek hy 'n vergadering onder beskerming van die "Transvaal Indian Congress Youth League" toe in Johannesburg, waar omtrent 49 persone teenwoordig is en sê: "Wars will always come about as long as Colonial people are being oppressed by Imperialists".

(24)(a) Op 8 November 1950 woon hy 'n vergadering van omtrent 80 persone van verskillende rasse onder beskerming van "The South African Society for Peace and Friendship with the U.S.S.R." by in Johannesburg.

(b) Die volgende resoluëie word eenparig aangeneem: "We the South African Society for Peace and Friendship with the U.S.S.R., hereby extend our congratulations to the Soviet Union on the occasion of its 33rd anniversary. We pledge that in spite of difficulties and no matter what the consequence may be, to continue to spread Soviet propaganda among our fellow South Africans".

(25)(a) Op 24 Februarie 1951 woon Harmel 'n protes-vergadering onder beskerming van die "African National Congress", "African Peoples' Organisation" en "Transvaal Indian Congress" by in Johannesburg. Omtrent 200 persone, meestal Naturelle, is teenwoordig. Sprekers trek tevelde teen die Paswette, Kleurslagboom en Apartheidswette.

(b) Die volgende besluit word eenparig aangeneem: "To oppose, with all the means within our power, the policy of apartheid and call upon all freedom loving South Africans to unite in organisations to resist all attempts at Fascism in this country. We demand the withdrawal of the Franchise Bill. We demand the total abolition of the Pass Laws, the abolition of the Group Areas Act and the Ghetto Act, the repeal of the Suppression of Communism Act, a living wage with adequate living allowance, and finally we demand the abolition of all discriminatory legislation."

(26)(a) Op 7 Desember 1953 spreek hy 'n vergadering onder beskerming van die "Freedom of Speech Committee" toe in Johannesburg waar 250 persone teenwoordig is en sê: "The Police tell Mr. Swart what to do. I think when they started banning people, they thought that the people would get scared. I say it is up to us to stand by the A.N.C. and the Indian Congress."

(b) Die volgende persone wat deur die beredderaar ingevolge artikel 4(10) Wet 44 van 1950 gelys is, is by hierdie vergadering teenwoordig: A. Fischer, wat optree as Voorsitter; C. Williams, I. Wolfson, E. Weinberg en Hilda Watts tree op as sprekers. In die gehoor is A. Selby, L.C. Joffe, P.J. Hodgson, A.R. Lipman, Betty Kaplan, Joe Slovo, Rebecca Bunting, R. Bernstein, D. Alexander en Dr. E. Roux.

(27)(a) Op 20 Januarie 1954 woon Harmel 'n geheime vergadering onder beskerming van die "Anti-Banning Committee" by in Johannesburg, waar omtrent 40 persone teenwoordig is.

(b) Onder die aanwesiges is die volgende persone wat deur die beredderaar ingevolge artikel 4(10) Wet 44 van 1950 gelys is: R. Hodgson, E. Weinberg, M. Berman, Y.M. Dadoo, Hilda Watts, H. Seperepere, I. Wolfson en J.L. Isacowitz.

(28)(a) Op 7 Februarie 1954 spreek hy 'n vergadering onder beskerming van "Let the People Speak Committee" toe in Johannesburg. Omtrent 200 Naturelle is teenwoordig. Harmel sê die huidige Regering het die Bantoe-onderwyswetgewing ingedien om die nie-blanke in sy vordering te stuit, daar die Regering weet dat geleerde nie-blankes hulle uit die stoel kan sit. In Engeland het die mense dood-eenvoudig vir hulle Koning gesê "Ons wil ons eie wette maak", en hulle het dit reggekry. Nou waarom kan ons nie ons eie wette maak nie?..... Die huidige Regering is nou besig om ons stadig om die lewe te bring deur wetgewing in te dien wat ons verdruk. Kommunisme bestaan al vir jare en nou word gebruik gemaak van die Howe om dit uit te delg. Ons moet die huidige Regering halt om verdere wysigings tot die Kommunisme wet in te bring, en ons kan dit net op een manier doen. Sluit aan by die A.N.C."

(b) Die volgende persone wat deur die beredderaar ingevolge Artikel 4(10) Wet 44 van 1950 gelys is, het saam met Harmel opgetree as sprekers: Betty du Toit en Moses Kotane.

(29)(a) Op 25 en 26 Junie 1955 woon hy 'n vergadering van die "Congress of the People" by te

Kliptown, Johannesburg, waar die "Freedom Charter" bespreek en sy inhoud aanvaar word.

(b) Die volgende persone, deur die beredderaar gelys ingevolge artikel 4(10) Wet 44 van 1950, is ook by die vergadering teenwoordig: Y Barenblatt, I. Heyman, W. Kramer, R. Harmel, H.S. Bloom, E. Roux, L. Bernstein, N.C. Berrange, I.E. Bhoola, B. Bunting, S. Bunting, Y.M. Dadoo, Ruth First, S. Horwitz, Sam Kahn, Moses Kotane, J.B. Marks, J. Phillips, P. Selepe, H. Watts, E. Weinberg, C. Williams en G. Routh.

(30)(a) Op 19 April 1958 hou Harmel 'n [REDACTED] vergadering aan sy woning in Johannesburg. Omtrent 19 persone woon die vergadering by. Doel van vergadering is om metodes te bespreek hoe om te werk te gaan, noudat die Nasionale Regering weer aan bewind gekom het en die "National Protest Week"-staking misluk het. Onder meer is aan die hand gedoen, dat met onafhanklike nie-blanke State soos Ghana en buitelandse Regerings gereël word vir ondersteuning teen die apartheidsbeleid van die Nasionale Regering.

(b) Die volgende persone, gelys deur die beredderaar ingevolge artikel 4(10) Wet 44 van 1950, is onder die aanwesiges: A.M. Kathrada, Y.M. Dadoo, R. Slovo, D. Tloome, J.J. Marks, en Y. Barenblatt.

(31) Op 29 Oktober 1955, 24 Augustus 1957 en 20 Oktober 1957 hou Harmel verdere [REDACTED] vergaderings aan sy woning in Johannesburg.

(32)(a) Op 24 Augustus 1959 hou hy 'n [REDACTED] vergadering aan sy woning in Johannesburg.

(b) Die volgende persone, deur die beredderaar gelys ingevolge artikel 4(10) Wet 44 van 1950, woon die vergadering by: Joe Slovo en Ruth Slovo.

(33) Op die aande van 8 Mei, 19 Augustus en 29 Oktober 1959 woon hy ██████ vergaderings by aan die wonings van E. Weinberg en B. Rosenberg in Johannesburg. Albei hierdie genoemde persone is deur die beredderaar ingevolge artikel 4(10) Wet 44 van 1950 gelys.

(34) Uit die notules van die Johannesburgse Distrikskomitee van die Kommunisteparty van Suid-Afrika blyk dit dat gedurende die tydperk vanaf 1943 tot 1946, Harmel 83 vergaderings van hierdie komitee bygewoon het en dat hy 6 keer opgetree het as voorsitter.

(35) Uit die notules van die Sentrale Komitee blyk dit dat hy 12 vergaderings bygewoon het gedurende die tydperk vanaf 2 Februarie 1943 tot 5 Julie 1945.

(36) In dieselfde bronne word ook vermeld dat hy van tyd tot tyd aangewys is om op die volgende onderkomitees te dien:-

Enheidskomitee,  
 Nywerheidskomitee,  
 Bestuursraad van Inkululeko,  
 Finanskomitee,  
 Oud-gediendeskomitee,  
 Resolusieskomitee,  
 Publikasiekomitee, en  
 Die Sekretariaat.

(37) Op 25 Februarie 1946 is hy deur die distrikskomitee aangewys as vaste voorsitter van die vergaderings wat destyds gereeld deur die Kommunisteparty op die trappe van die Johannesburgse stadsaal gehou is.

6. OOGMERKE VAN DIE KOMMUNISME:

(1) Ten einde vas te stel of Michael Allen Harmel die verwesenliking van enige van die oogmerke van die Kommunisme bepleit, aangeraai, verdedig of aangemoedig het, is dit nodig om eerstens na te

gaan wat sekere van hierdie oogmerke ten doel het en daarna hierdie persoon se doen en late daaraan te toets.

(2) 'n Uiteensetting van oogmerke van die Kommuniste deur die voorsitter opgestel ten opsigte van:-

- (a) Agitasie en Propaganda,
- (b) "Bevryding van Verdrukking" en
- (c) Die Kommunisteparty van Suid-Afrika, is in die lêer (vlag - oogmerke). Daarin word aangetoon wat die oogmerke op hierdie spesifieke terreine is, soos uiteengesit in toesprake en werke van Karl Marx, Lenin en ander kommunisteleiers, sowel as uit besluite en bekendmakings van liggame soos Komintern en Kominform. (Sien eerste gedeelte van die woordbepaling van die Kommuniste in artikel 1(1)(ix) Wet 44 van 1950).

7. BEVINDING:

(1) Die optrede van Michael Allen Harmel moet beoordeel word teen die agtergrond van sy lidmaatskap en aktiewe ondersteuning van die Kommunisteparty van Suid-Afrika, sy medewerking met talle ander organisasies en die aantal vergaderings wat hy bygewoon en toegesprek het.

(2) Na sorgvuldige oorweging bevind die komitee:-

- (a) dat Harmel 'n baie aktiewe lid was van die Kommunisteparty van Suid-Afrika;
- (b) dat hy aktief deelgeneem het aan agitasie en propaganda teen die staatsgesag, staatsbeleid en sekere landswette; en
- (c) dat hy dit by die nie-blankes ingeskerp het dat hulle verdruk word en hulle dan aangehits het om vir hulle bevryding te veg.

(3) As hierdie bevindings getoets word aan die uiteensetting van die oogmerke van die Kommunisme, dan is dit duidelik dat dit daarby inpas en aansluit, dat dit dieselfde patroon navolg en dat die uiteindelijke oogmerk dieselfde is, naamlik om politieke en staatsmag te verower.

(4) Die komitee bevind dus dat Harmel die verwesenliking van sekere van die oogmerke van die Kommunisme bepleit, aangeraai, verdedig en aangemoedig het, en dat hy dit waarskynlik in die toekoms ook sal doen. (Sien opdrag in paragraaf 1 hierbo).

8. GEBIED VAN OPTREDE:

Michael Allen Harmel het hoofsaaklik in Johannesburg opgetree. (Sien paragraaf 5(1) hierbo).

Pretoria.  
11 Maart 1960.

*J. van der Merwe*  
\_\_\_\_\_  
VOORSITTER.

*J. van der Merwe*  
\_\_\_\_\_  
LID.

*J. van der Merwe*  
\_\_\_\_\_  
LID.

2/50/9.

GEHEIM.DIE SEKRETARIS/MINISTER.AANBEVELING VAN BEPERKING: MICHAEL ALLEN HARMEL.

1. Hierdie geval is deur die Minister na die feitekomitee verwys vir ondersoek met die oog op moontlike gebiedsbeperking ingevolge artikel 10 Wet 44 van 1950. n Afskrif van die opdrag is in die lêer - vlag 30/10/58.
2. Die verslag van die komitee is in die lêer - vlag feiteverslag.
3. Harmel is deur die beredderaar ingevolge artikel 4(10) Wet 44 van 1950 op die lys van lede of ondersteuners van die Kommunisteparty geplaas. Hy is nommer 4 op die lys.
4. Hy is op 7 Junie 1954 deur die Minister kragtens artikel 5(1)(e) Wet 44 van 1950 verbied om byeenkomste vir n tydperk van 2 jaar by te woon. n Verdere soortgelyke verbod van 5 jaar is uitgereik op 28 Maart 1957 en op hom beteken op 15 April 1957.
5. Alhoewel die komitee bevind het dat hy die verwesenliking van sekere oogmerke van kommunisme bepleit, aangeraai, verdedig en aangemoedig het (sien paragraaf 7(4) van die feiteverslag), het hy tog nie veel gereis nie en was sy optrede hoofsaaklik tot Johannesburg beperk. Dit blyk dus dat n gebiedsbeperking nie nou enige nuttige doel kan dien nie.
6. Aangesien die verbod om byeenkomste by te woon, nog van krag is, word dit aanbeveel dat geen verdere stappe vir die huidige gedoen word nie.

*J. van der Merwe* 12/2/60.  
VEILIGHEIDSBEAMPTTE.



KOMMUNISTIESE OOGMERKE MET AGITASIE EN  
PROPAGANDA.

---

Die kommunisme maak gebruik van agitاسie en propaganda ten einde ontevredenheid by die massas te laat posvat, hulle dan saam te snoer vir die klassestryd om sodoende politieke mag in die hande te kry, soos die volgende sitate baie duidelik getuig:-

(a) "Our task is to merge our activities with the practical every day questions of working class life, to help the workers to understand these questions, to draw the attention of the workers to the most important abuses, to help them to formulate their demands to the employers more precisely and practically, to develop among the workers a sense of solidarity,..... to publish agitational leaflets and to train a corps of experienced agitators." (Lenin - Selected Works, Vol. 2, Ed. 1, p. 131-132).

(b) "The agitator must endeavour to rouse mass discontent and indignation against the crying injustice." (Lenin - Selected Works, Vol. 2 p. 85 in World Wide Communist Propaganda Activities - Evans, p. 8).

(c) "The ideal audience for these political exposures is the working class,..... which is the first and foremost in need of universal and live political knowledge, which is most capable of converting this knowledge into active struggle. .... Political exposures are as much a declaration of war against the government, as economic exposures are a declaration of war against the factory owners. .... Hence political exposures serve as a powerful instrument for disintegrating the system we oppose." (Lenin - Selected Works, Vol. 2, Ed. 1, p. 207).

(d) "In carrying on agitation among the workers concerning their immediate economic demands, the Social

Democrats link this up with agitation concerning the immediate political needs, grievances and demands of the working class, agitation against the tyranny of the police, which manifests itself in every strike, in every conflict between the workers and the capitalists, agitation against the restriction of the rights of the workers as Russian citizens in general and as the most oppressed and most disfranchised class in particular. .... Just as there is not a single question affecting the economic life of the workers that cannot be used for purpose of economic agitation, so there is not a single political question that cannot serve as a subject for political agitation..... Both economic and political agitation are equally necessary in order to guide the class struggle of the Russian workers, for every class struggle is a political struggle." (Lenin - Selected Works, Vol. 2, Ed. 1, p. 133-134).

(e) „The immediate aim of the communists is the same as that of all other proletarian parties, - formation of the proletariat into a class, overthrow of the bourgeois supremacy, and conquest of the political power." (Kommunistemanifes - Karl Marx, 68).

KOMMUNISTIESE OOGMERKE MET „BEVRYDING VAN  
VERDRUKKING“.

Die kommunisme verkondig orals dat die kapitalistiese stelsel die werkers uitbuit en verdruk en bied dan alle hulp aan in hulle stryd om sogenaamde bevryding te verkry, soos duidelik blyk uit die volgende aanhalings:-

(a) „Along with the constantly diminishing number of magnates of capital who usurp and monopolise all advantages of this process of transformation, grows the mass of misery, oppression, slavery, degradation and exploitation, but with this too grows the revolt of the working class.“ (Capital, Vol. 1, - Karl Marx in Theory and Practice of Communism, - Hunt p. 59).

(b) „The proletariat must support every revolutionary movement against the present system, champion the interests of every oppressed nation or race.“ (Marx - Engels Marxism, - Lenin, - Selected Works, Vol. 2, Ed. 1, p. 118).

(c) „The Social Democrats support every revolutionary movement against the present system, they support all oppressed peoples,..... in their fight for equal rights.“ (Lenin, - Selected Works, Vol. 2, Ed. 1, p. 138).

(d) „The systematic imperialist attempts politically to encircle the U.S.S.R., ..... do not prevent the Communist Party of the Soviet Union, ..... from rendering support to all the oppressed, to the labour movements in capitalist countries, to colonial movements against imperialism and to the struggle against national oppression in every form.“ (Kominern Program b. 49).

(e) „Our party cannot remain indebted .... and must in its turn render support to them and their peoples in their struggle for liberation.“ (Toespraak van Stalin in Kessings, 1952/4 b. 12711).

/(f) ..... 2.

(f) „Only in Communist society, when the resistance of the capitalists has been completely broken, when the capitalists have disappeared, when there are no classes, only then ..... it becomes possible to speak of freedom." (Lenin, - Selected Works, Vol, VII, p. 81, - Int. Publishers, N.Y. 1943).

KOMMUNISTIESE OOGMERKE VAN DIE KOMMUNISTE  
PARTY VAN SUID-AFRIKA.

Die party stel sy oogmerke baie duidelik in n pamflet "New Member's Guide", en vereenselwig hom daarin met die doelstellings van die Kommunistemanifes soos destyds deur Karl Marx uiteengesit. Ook in die party se konstitusie en reëls kom hulle oogmerke duidelik na vore. Hulle beoog die verkryging van politieke en staatsmag deur die organisering van die werkersklas, soos die volgende aanhalings dit duidelik stel:-

(a) "We in the Communist Party in South Africa want to put an end to the capitalist system, because it only benefits a few who can make the profits. We want to build a system of society known as socialism which is a new way of life like they have in Soviet Russia and many countries overseas." (New Member's Guide, 5).

(b) "Socialism means that the land, the mines and the factories belong to the people and not to the bosses. Under socialism there is only one class, the working class ..... Socialism means national freedom, no pass laws or colour bars. All people have equal rights, no matter what their race creed or colour." (New Member's Guide, 5-6).

(c) "The aim of the Communist Party in South Africa, as in other countries, is to unite and lead the working class in its fight for freedom and socialism." (New Member's Guide, 8).

(d) "Karl Marx (1818-1883), a German Jew, was the first man to study and understand scientifically the way in which society works and the road of the people to true freedom. He saw that only the working class could lead the world to a socialist society. Together with his friend Friederich Engels, also a German, (1820-1895) he wrote a book called the 'Communist Manifesto', setting out the principles of socialism. The book ended with

the famous words: 'Workers have nothing to lose but their chains; they have a world to win. Workers of the world unite!'. (New Member's Guide, 13-14).

(e) "1. The Party accepts the 21 points of the Communist International .....

Twenty-one Points - Conditions of Admission to the Communist International:-

I The general propaganda and agitation should bear a really communist character .....

.. III The class struggle of almost every country of Europe and America is entering upon the phase of civil war. Under such conditions the communists can have no confidence in bourgeois laws. They should create everywhere a parallel illegal apparatus which at the decisive moment should do its duty by the party and in every way possible assist the revolution .....

IV A persistent and systematic propaganda and agitation is necessary in the army .....

V A systematic and regular propaganda is necessary in the rural districts .....

.. IX Every party ..... should be bound to carry on systematic and persistent communist work in the labour unions, co-operatives and other labour organisations of the masses .....

.. XIV Every party \..... should be obliged to render every possible assistance to the Soviet Republics in their struggle against all counter-revolutionary forces. The communist parties should carry on a precise and definite propaganda to induce the workers to refuse to transport any kind of military equipment intended for fighting against Soviet Republics and should also by legal or illegal means carry on propaganda among the troops sent against workers republics." (Konstitusie en Reëls van die Kommuniste Party.).

OPDRAG VAN DIE MINISTER VAN JUSTISIE  
KRAGTENS DIE BEVOEGDHEID HOM VERLEEN  
BY ARTIKEL 17 VAN DIE WET OP DIE  
ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME NO. 44  
VAN 1950, SOOS GEWYSIG.

